(c) the taxpayer carrying on that scientific or technological research and development is guilty of fraud, or misrepresentation or non-disclosure of material facts which would have had the effect that approval under subsection (9) would not have been granted,

the Minister of Higher Education, Science and **[Technology]** Innovation may, after taking into account the recommendations of the committee, withdraw the approval granted in respect of that scientific or technological research and development with effect from a date specified by that Minister.'';

(w) by the substitution for subsection (11) of the following subsection:

''(11) *(a)* A committee must be appointed for the purposes of approving scientific or technological research and development under subsection (9) consisting of—

(i) three persons employed by the Department of Science and **[Technology]** Innovation appointed by the Minister of Higher Education, Science and **[Technology]** Innovation;

(ii) one person employed by the National Treasury, appointed by the Minister of Finance; and

(iii) three persons from the South African Revenue Service, appointed by the Minister of Finance.

(b) The Minister of Higher Education, Science and **[Technology]** Innovation or the Minister of Finance may appoint alternative persons to the committee if a person appointed in terms of paragraph *(a)* is not available to perform any function as a member of the committee.

(c) If any person is appointed as an alternative in terms of paragraph **[*(a)*]** *(b)*, that person may perform the function of any other person from the Department of Science and **[Technology]** Innovation, or the South African Revenue Service in respect of which institution that person is appointed as alternative.'';

bedrag wat befonds word nie vir die doeleindes van die aftrekking ingevolge subartikel (2) of (4) in berekening gebring nie.'';

(u) deur subartikel (9) deur die volgende subartikel te vervang:

''(9) Die Minister van Hoër Onderwys, Wetenskap en **[Tegnologie]** Innovering of 'n persoon deur die Minister van Hoër Onderwys, Wetenskap en **[Tegnologie]** Innovering aangestel, moet by die toepassing van subartikels (2) en (4) enige wetenskaplike of tegnologiese navorsing en ontwikkeling goedkeur wat beoefen word of befonds word met inagneming van—

(a) of die belastingpligtige aan die komitee bewys het dat die wetenskaplike of tegnologiese navorsing en ontwikkeling ten opsigte waarvan goedkeuring versoek word, voldoen aan die maatstawwe beoog in die omskrywing van 'wetenskaplike of tegnologiese navorsing en ontwikkeling' in subartikel (1); **[en]**

(c) die ander maatstawwe wat die Minister van Finansies in oorleg met die Minister van Hoër Onderwys, Wetenskap en **[Tegnologie]** Innovering by regulasie voorskryf; en

(d) die aansoek vir goedkeuring van die projek wat deur die belastingpligtige ingedien word en deur die Minister van Hoër Onderwys, Wetenskap en Innovering ontvang word in die vorm en wat die inligting bevat wat die Minister van Hoër Onderwys, Wetenskap en Innovering mag voorskryf.'';

(v) deur subartikel (10) deur die volgende subartikel te vervang:

''(10) Indien wetenskaplike of tegnologiese navorsing en ontwikkeling kragtens subartikel (9) goedgekeur word en—

(a) enige wesenlike feit verander, wat ten gevolge sou gehad het dat goedkeuring ingevolge subartikel (9) nie verleen sou word nie indien daardie feit aan die Minister van Hoër Onderwys, Wetenskap en **[Tegnologie]** Innovering bekend was ten tye van die verlening van goedkeuring;

(b) die belastingpligtige wat daardie wetenskaplike of tegnologiese navorsing en ontwikkeling beoefen, versuim om 'n verslag aan die komitee voor te lê soos deur subartikel (13) vereis; of

(c) die belastingpligtige wat daardie wetenskaplike of tegnologiese navorsing en ontwikkeling onderneem skuldig is aan bedrog, of wanvoorstelling of weglating van wesenlike feite wat tot gevolg sou gehad het dat goedkeuring kragtens subartikel (9) nie verleen sou gewees het nie,

kan die Minister van Hoër Onderwys, Wetenskap en **[Tegnologie]** Innovering, na inagneming van die aanbevelings van die komitee, die goedkeuring verleen ten opsigte van daardie wetenskaplike of tegnologiese navorsing en ontwikkeling intrek met ingang van 'n datum deur daardie Minister vermeld.'';

(w) deur subartikel (11) deur die volgende subartikel te vervang:

''(11) *(a)* 'n Komitee moet aangestel word met die doel om wetenskaplike of tegnologiese navorsing en ontwikkeling kragtens subartikel (9) goed te keur, en bestaan uit—

(i) drie persone in diens van die Departement van Wetenskap en **[Tegnologie]** Innovering, aangestel deur die Minister van Hoër Onderwys, Wetenskap en **[Tegnologie]** Innovering;

(ii) een persoon in diens van die Nasionale Tesourie, aangestel deur die Minister van Finansies; en

(iii) drie persone in diens van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, aangestel deur die Minister van Finansies.

(b) Die Minister van Hoër Onderwys, Wetenskap en **[Tegnologie]** Innovering of die Minister van Finansies kan alternatiewe persone op die komitee aanstel indien 'n persoon ingevolge paragraaf *(a)* aangestel nie beskikbaar is om enige funksie as lid van die komitee uit te voer nie.

(c) Indien enige persoon aangestel is as 'n alternatief ingevolge paragraaf **[*(a)*]** *(b)*, mag daardie persoon die funksie verrig van enige ander persoon van die Departement van Wetenskap en **[Tegnologie]** Innovering, of die Suid-Afrikaanse Inkomstediens ten opsigte van welke inrigting daardie persoon as alternatief aangestel is.'';

(x) by the substitution for subsection (12) of the following subsection:

"(12) *(a)* The committee appointed in terms of subsection (11) must perform its function impartially and without fear, favour or prejudice.

(b) The committee may—

(i) appoint its own chairperson and determine the procedures for its meetings;

(ii) evaluate any application and make recommendations to the Minister of Higher Education, Science and **[Technology]** Innovation for purposes of the approval of scientific or technological research and development approved under subsection (9);

(iii) investigate or cause to be investigated scientific or technological research and development approved under subsection (9);

(iv) monitor all scientific or technological research and development approved under subsection (9)—

(aa) to determine whether the objectives of this section are being achieved; and

(bb) to advise the Minister of Finance and Minister of Higher Education, Science and **[Technology]** Innovation on any future proposed amendment or adjustment of this section;

(v) for a specific purpose and on the conditions and for the period as it may determine, obtain the assistance of any person to advise the committee relating to any function assigned to that committee in terms of this section; and

(vi) require any taxpayer applying for approval of scientific or technological research and development in terms of subsection (9), to furnish any information or documents necessary for the Minister of Higher Education, Science and **[Technology]** Innovation and the committee to perform their functions in terms of this section.";

(y) by the substitution for subsection (13) of the following subsection:

"(13) A taxpayer carrying on scientific or technological research and development approved under subsection (9) must report to the committee annually with respect to—

(a) the progress of that scientific or technological research and development; and

(b) the extent to which that scientific or technological research and development requires specialised skills,

within 12 months after the close of each year of assessment, starting with the year following the year in which approval is granted under subsection (9) in the form and in the manner that the Minister of Higher Education, Science and **[Technology]** Innovation may prescribe.";

(z) by the substitution for subsection (14) of the following subsection:

"(14) Notwithstanding Chapter 6 of the Tax Administration Act, the Commissioner may disclose to the Minister of Higher Education, Science and **[Technology]** Innovation information in relation to scientific or technological research and development—

(a) as may be required by that Minister for the purposes of submitting a report to Parliament in terms of subsection (17); **[and]**

(b) if that information is material in respect of the granting of approval under subsection (9) or a withdrawal of that approval in terms of subsection (10) **[.]**; and

(c) as may be required to fulfil the duties as contemplated in subsection (12)(iv).";

*(z*A*)* by the substitution for subsection (16) of the following subsection:

"(16) The Minister of Higher Education, Science and **[Technology]** Innovation or the person appointed by the Minister of Higher Education, Science and **[Technology]** Innovation contemplated in subsection (9) must—

(x) deur subartikel (12) deur die volgende subartikel te vervang:

''(12) *(a)* Die komitee ingevolge subartikel (11) aangestel moet sy funksies onpartydig en sonder vrees, begunstiging of vooroordeel uitvoer.

(b) Die komitee kan—

(i) sy eie voorsitter aanstel en die prosedures vir sy vergaderings bepaal;

(ii) enige aansoek evalueer en aanbevelings doen aan die Minister van Hoër Onderwys, Wetenskap en **[Tegnologie]** Innovering met die doel om wetenskaplike of tegnologiese navorsing en ontwikkeling ingevolge subartikel (9) goed te keur;

(iii) wetenskaplike of tegnologiese navorsing en ontwikkeling kragtens subartikel (9) goedgekeur, ondersoek of laat ondersoek;

(iv) alle wetenskaplike of tegnologiese navorsing en ontwikkeling kragtens subartikel (9) goedgekeur, monitor—

(aa) ten einde te bepaal of die oogmerke van hierdie artikel bereik word; en

(bb) ten einde die Minister van Finansies en die Minister van Hoër Onderwys, Wetenskap en **[Tegnologie]** Innovering te adviseer oor enige toekomstige voorgestelde wysiging of aanpassing van hierdie artikel;

(v) vir 'n bepaalde doel en op die voorwaardes en vir die tydperk wat die komitee bepaal, die bystand verkry van enige persoon om die komitee te adviseer met betrekking tot enige funksie aan die komitee ingevolge hierdie artikel opgedra; en

(vi) van enige belastingpligtige wat aansoek doen om goedkeuring van wetenskaplike of tegnologiese navorsing en ontwikkeling ingevolge subartikel (9), vereis om enige inligting of dokumente te verskaf wat nodig is vir die Minister van Hoër Onderwys, Wetenskap en **[Tegnologie]** Innovering en die komitee ten einde hul funksies ingevolge hierdie artikel uit te voer.'';

(y) deur subartikel (13) deur die volgende subartikel te vervang:

''(13) 'n Belastingpligtige wat wetenskaplike of tegnologiese navorsing en ontwikkeling beoefen wat ingevolge subartikel (9) goedgekeur is, moet jaarliks aan die komitee verslag doen aangaande—

(a) die vordering van daardie wetenskaplike of tegnologiese navorsing en ontwikkeling; en

(b) die mate waartoe die beoefening van daardie wetenskaplike of tegnologiese navorsing en ontwikkeling gespesialiseerde vaardighede vereis,

binne 12 maande na die einde van elke jaar van aanslag, beginnende by die jaar wat volg op die jaar waarin goedkeuring kragtens subartikel (9) verleen word in die vorm en op die wyse deur die Minister van Hoër Onderwys, Wetenskap en **[Tegnologie]** Innovering voorgeskryf.'';

(z) deur subartikel (14) deur die volgende subartikel te vervang:

''(14) Ondanks Hoofstuk 6 van die Wet op Belastingadministrasie, kan die Kommissaris aan die Minister van Hoër Onderwys, Wetenskap en **[Tegnologie]** Innovering inligting in verband met wetenskaplike of tegnologiese navorsing en ontwikkeling openbaar—

(a) soos vereis mag word deur daardie Minister ten einde 'n verslag ingevolge subartikel (17) aan die Parlement voor te lê; **[en]**

(b) indien daardie inligting tersaaklik is ten opsigte van die verlening van goedkeuring kragtens subartikel (9) of 'n intrekking van daardie goedkeuring ingevolge subartikel (10); en

(c) soos vereis word om die pligte te vervul soos in subartikel (12)(iv) beoog.'';

*(z*A*)* deur subartikel (16) deur die volgende subartikel te vervang:

''(16) Die Minister van Hoër Onderwys, Wetenskap en **[Tegnologie]** Innovering of die persoon aangestel deur die Minister van Hoër Onderwys, Wetenskap en **[Tegnologie]** Innovering beoog in subartikel (9) moet—

(a) provide written reasons for any decision to grant or deny any application for approval of any scientific or technological research and development under subsection (9), or for any withdrawal of approval contemplated in subsection (10);

(b) inform the Commissioner of the approval of any scientific or technological research and development under subsection (9), setting out such particulars as are required by the Commissioner to determine the amount of the deduction in terms of subsection (2) or (4); and

(c) inform the Commissioner of any withdrawal of approval in terms of subsection (10) and of the date on which that withdrawal takes effect.'';

*(z*B*)* by the substitution for subsection (17) of the following subsection:

''(17) The Minister of Higher Education, Science and **[Technology]** Innovation must annually submit a report to Parliament advising Parliament of the direct benefits of the scientific or technological research and development in terms of economic growth, employment and other broader government objectives and the aggregate expenditure in respect of such activities without disclosing the identity of any person.'';

*(z*C*)* by the substitution for subsection (18) of the following subsection:

''(18) Every employee of the Department of Science and **[Technology]** Innovation, every member of the committee appointed in terms of subsection (11) and any person whose assistance has been obtained by that committee—

(a) must preserve and aid in preserving secrecy with regard to all matters that may come to their knowledge in the performance of their functions in terms of this section; and

(b) may not communicate any such matter to any person whatsoever other than to the taxpayer concerned or its legal representative, nor allow any such person to have access to any records in the possession or custody of the Department of Science and **[Technology]** Innovation or committee except in terms of the law or an order of court.'';

*(z*D*)* by the substitution for subsection (19) of the following subsection:

''(19) The Commissioner may, notwithstanding the provisions of sections 99 and 100 of the Tax Administration Act, raise an additional assessment for any year of assessment with respect to a deduction in respect of scientific or technological research and development which has been allowed, where approval has been withdrawn in terms of subsection (10).'';

*(z*E*)* by the substitution for subsection (20) of the following subsection:

''(20) *(a)* A taxpayer may, notwithstanding Chapter 8 of the Tax Administration Act, apply to the Commissioner to allow all deductions provided for under this section in respect of scientific or technological research and development if—

(i) expenditure in respect of that scientific or technological research and development was incurred within six months prior to or on or after the date of receipt of an application by the Department of Science and **[Technology]** Innovation for the approval of that scientific or technological research and development;

(ii) that application was not allowable in respect of a year of assessment solely by reason of the absence of approval of that scientific or technological research and development under subsection (9); and

(iii) that scientific or technological research and development is approved in terms of subsection (9) after that year of assessment.

(b) The Commissioner may, notwithstanding the provisions of sections 99 and 100 of the Tax Administration Act, make a reduced assessment for a year of assessment where expenditure incurred during

(a) skriftelike redes verskaf vir enige besluit om enige aansoek om goedkeuring van enige wetenskaplike of tegnologiese navorsing en ontwikkeling ingevolge subartikel (9) goed te keur of af te wys, of vir enige intrekking van goedkeuring in subartikel (10) beoog;

(b) die Kommissaris van die goedkeuring van enige wetenskaplike of tegnologiese navorsing en ontwikkeling kragtens subartikel (9) inlig, met uiteensetting van die besonderhede wat deur die Kommissaris vereis word ten einde die bedrag van die aftrekking te bepaal wat ingevolge subartikel (2) of (4) toelaatbaar is; en

(c) die Kommissaris inlig oor enige intrekking van goedkeuring ingevolge subartikel (10) en van die datum waarop daardie intrekking van krag word.'';

*(z*B*)* deur subartikel (17) deur die volgende subartikel te vervang:

''(17) Die Minister van Hoër Onderwys, Wetenskap en **[Tegnologie]** Innovering moet jaarliks aan die Parlement 'n verslag voorlê wat die Parlement in kennis stel van die direkte voordele van die wetenskaplike of tegnologiese navorsing en ontwikkeling wat betref ekonomiese groei, indiensneming en ander breër regeringsdoelwitte en die totale uitgawes ten opsigte van sodanige bedrywighede sonder om die identiteit van enige persoon te openbaar.'';

*(z*C*)* deur subartikel (18) deur die volgende subartikel te vervang:

''(18) Elke werknemer van die Departement van Wetenskap en **[Tegnologie]** Innovering, elke lid van die komitee ingevolge subartikel (11) aangestel en enige persoon wie se bystand deur daardie komitee verkry is—

(a) moet geheimhouding bewaar en help bewaar met betrekking tot alle aangeleenthede wat tot hul kennis mag kom in die verrigting van hul funksies ingevolge hierdie artikel; en

(b) mag nie enige sodanige aangeleentheid aan enige persoon hoegenaamd bekend maak nie behalwe aan die betrokke belastingpligtige of aan daardie belastingpligtige se regsverteenwoordiger, of enige sodanige persoon toelaat om toegang te hê tot enige rekords in die besit of bewaring van die Departement van Wetenskap en **[Tegnologie]** Innovering of komitee nie, behalwe ingevolge die reg of 'n hofbevel.'';

*(z*D*)* deur subartikel (19) deur die volgende subartikel te vervang:

''(19) Die Kommissaris kan, ongeag die bepalings van artikels 99 en 100 van die Wet op Belastingadministrasie, 'n addisionele aanslag vir enige jaar van aanslag uitreik, met betrekking tot 'n aftrekking ten opsigte van wetenskaplike of tegnologiese navorsing en ontwikkeling wat toegelaat is, waar goedkeuring ingevolge subartikel (10) ingetrek is.'';

*(*zE*)* deur subartikel (20) deur die volgende subartikel te vervang:

''(20) *(a)* 'n Belastingbetaler kan, ondanks Hoofstuk 8 van die Wet op Belastingadministrasie, by die Kommissaris aansoek doen om al die aftrekkings toe te laat kragtens hierdie artikel voorsien ten opsigte van wetenskaplike of tegnologiese navorsing en ontwikkeling indien—

(i) uitgawes ten opsigte van daardie wetenskaplike of tegnologiese navorsing en ontwikkeling aangegaan is binne 6 maande voor of op of na die datum van ontvangs van 'n aansoek deur die Departement van Wetenskap en **[Tegnologie]** Innovering vir die goedkeuring van daardie wetenskaplike of tegnologiese navorsing en ontwikkeling;

(ii) daardie uitgawes nie toelaatbaar was nie ten opsigte van 'n jaar van aanslag alleenlik uit hoofde van die gebrek aan goedkeuring van daardie wetenskaplike of tegnologiese navorsing en ontwikkeling ingevolge subartikel (9); en

(iii) daardie wetenskaplike of tegnologiese navorsing en ontwikkeling na daardie jaar van aanslag ingevolge subartikel (9) goedgekeur word.

(b) Die Kommissaris kan, ondanks die bepalings van artikels 99 en 100 van die Wet op Belastingadministrasie, 'n verminderde aanslag maak vir 'n jaar van aanslag waar uitgawes aangegaan tydens daardie

that year in respect of scientific or technological research and development would have been allowable as a deduction in terms of this section had the approval in terms of subsection (9) been granted during that year of assessment.''; and

*(z*F*)* by the addition after subsection (20) of the following subsections:

''(21) Any person who contravenes the provisions of subsection (18) is guilty of an offence and liable on conviction to a fine or to imprisonment for a period not exceeding two years.

(22) No deduction shall be allowed under this section in respect of applications received after 31 December 2033.''.

(2) Subsection (1) comes into operation on 1 January 2024 and applies in respect of applications received and expenditure incurred on or after that date.

Amendment of section 11F of Act 58 of 1962, as inserted by section 21 of Act 17 of 2017 and amended by section 26 of Act 23 of 2018

13. (1) Section 11F of the Income Tax Act, 1962, is hereby amended—

(a) by the addition to subsection (2)*(a)* of the following proviso:

''; Provided that where any person's year of assessment is less than a period of 12 months, the aggregate of amounts that shall be allowed as deductions under this paragraph for years of assessment during the period of 12 months commencing on 1 March and ending at the end of February of the immediately following calendar year, must not exceed R350 000;''; and

(b) by the substitution in subsection (4) for paragraph *(b)* of the following paragraph:

''*(b)* to the extent that the amount has been included in the income of that person, to have been contributed by that person.''.

(2) Subsection (1) comes into operation on 1 March 2024 and applies in respect of years of assessment commencing on or after that date.

Insertion of section 11G in Act 58 of 1962

14. (1) The following section is hereby inserted in the Income Tax Act, 1962, after section 11F:

''**Deduction of expenses incurred in production of interest**

11G. (1) For purposes of this section 'interest' means interest as defined in section 24J.

(2) For purposes of determining the taxable income derived by any person, there shall be allowed as a deduction from the income of that person, interest incurred by that person to the extent that the interest—

(a) is incurred in the production of interest that is included in the income of that person; and

(b) is not incurred in carrying on a trade.

(3) The amount allowed to be deducted under this section shall not exceed the amount of interest income referred to in subsection (2)*(a),* that is received by or accrued to the person, during the year of assessment.''.

(2) Subsection (1) comes into operation on 1 January 2025 and applies in respect of years of assessment commencing on or after that date.

Amendment of section 12B of Act 58 of 1962, as inserted by section 11 of Act 90 of 1988 and amended by section 13 of Act 101 of 1990, section 10 of Act 113 of 1993, section 6 of Act 140 of 1993, section 13 of Act 28 of 1997, section 17 of Act 59 of 2000, section 11 of Act 16 of 2004, section 7 of Act 9 of 2005, section 19 of Act 31 of 2005, section 21 of Act 35 of 2007, section 18 of Act 17 of 2009, section 23 of Act 22 of 2012, section 31 of Act 31 of 2013, section 19 of Act 25 of 2015, section 28 of Act 15 of 2016, section 22 of Act 17 of 2017 and section 16 of Act 34 of 2019

15. (1) Section 12B of the Income Tax Act, 1962, is hereby amended—

jaar ten opsigte van wetenskaplike of tegnologiese navorsing en ontwikkeling toelaatbaar sou wees as 'n aftrekking ingevolge hierdie artikel indien die goedkeuring ingevolge subartikel (9) tydens daardie jaar van aanslag toegestaan sou wees.''; en

*(z*F*)* deur na subartikel (20) die volgende subartikels by te voeg:

''(21) Enige persoon wat die bepalings van subartikel (18) oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar.

(22) Geen aftrekking word kragtens hierdie artikel toegelaat ten opsigte van aansoeke na 31 Desember 2033 ontvang nie.''.

(2) Subartikel (1) tree op 1 Januarie 2024 in werking en is van toepassing ten opsigte van aansoeke ontvang en uitgawes aangegaan op of na daardie datum.

Wysiging van artikel 11F van Wet 58 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 21 van Wet 17 van 2017 en gewysig deur artikel 26 van Wet 23 van 2018

13. (1) Artikel 11F van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—

(a) deur by subartikel (2)*(a)* die volgende voorbehoudsbepaling by te voeg:

''; Met dien verstande dat waar enige persoon se jaar van aanslag minder is as 'n tydperk van 12 maande, die gesamentlike bedrae wat kragtens hierdie paragraaf as aftrekkings toegelaat word vir jare van aanslag gedurende die tydperk van 12 maande wat op 1 Maart begin en aan die einde van Februarie van die onmiddellik daaropvolgende kalenderjaar eindig, nie R350 000 oorskry nie;''; en

(b) deur in subartikel (4) paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(b)* namate die bedrag by die inkomste van daardie persoon ingesluit is, deur daardie persoon bygedra te wees.''.

(2) Subartikel (1) tree op 1 Maart 2024 in werking en is van toepassing ten opsigte van jare van aanslag wat op of na daardie datum begin.

Invoeging van artikel 11G in Wet 58 van 1962

14. (1) Die volgende artikel word hierby in die Inkomstebelastingwet, 1962, na artikel 11F ingevoeg:

''**Aftrekking van uitgawes aangegaan in voortbrenging van rente**

11G. (1) By die toepassing van hierdie artikel beteken 'rente' rente soos in artikel 24J omskryf.

(2) By die bepaling van die belasbare inkomste verkry deur enige persoon, word as 'n aftrekking van die inkomste van daardie persoon toegelaat rente deur daardie persoon aangegaan namate die rente—

(a) aangegaan word in die voortbrenging van rente wat by die inkomste van daardie persoon ingesluit word; en

(b) nie in die beoefening van 'n bedryf aangegaan word nie.

(3) Die bedrag wat toegelaat word om kragtens hierdie artikel afgetrek te word, oorskry nie die bedrag van inkomste aan rente bedoel in subartikel (2)*(a)*, wat ontvang word of toeval aan die persoon gedurende die jaar van aanslag nie.''.

(2) Subartikel (1) tree op 1 Januarie 2025 in werking en is van toepassing ten opsigte van jare van aanslag wat op of na daardie datum begin.

Wysiging van artikel 12B van Wet 58 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 11 van Wet 90 van 1988 en gewysig deur artikel 13 van Wet 101 van 1990, artikel 10 van Wet 113 van 1993, artikel 6 van Wet 140 van 1993, artikel 13 van Wet 28 van 1997, artikel 17 van Wet 59 van 2000, artikel 11 van Wet 16 van 2004, artikel 7 van Wet 9 van 2005, artikel 19 van Wet 31 van 2005, artikel 21 van Wet 35 van 2007, artikel 18 van Wet 17 van 2009, artikel 23 van Wet 22 van 2012, artikel 31 van Wet 31 van 2013, artikel 19 van Wet 25 van 2015, artikel 28 van Wet 15 van 2016, artikel 22 van Wet 17 van 2017 en artikel 16 van Wet 34 van 2019

15. (1) Artikel 12B van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—

(a) by the substitution in subsection (4) for paragraphs *(f)* and *(g)* of the following paragraphs:

"*(f)* any asset in respect of which an allowance has been granted to the taxpayer under section 12E; **[or]**

(g) any asset the ownership of which is retained by the taxpayer as a seller in terms of an agreement contemplated in paragraph *(a)* of the definition of 'instalment credit agreement' in section 1 of the Value-Added Tax Act**[.]**; or"; and

(b) by the addition in subsection (4) after paragraph *(g)* of the following paragraph:

"*(h)* any asset in respect of which a deduction has been allowed to the taxpayer under section 6C or 12BA.".

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 1 March 2023.

Insertion of section 12BA in Act 58 of 1962

16. (1) The following section is hereby inserted in the Income Tax Act, 1962, after section 12B:

"**Enhanced deduction in respect of certain machinery, plant, implements, utensils and articles used in production of renewable energy**

12BA. (1) In respect of any new and unused machinery, plant, implement, utensil, or article owned by the taxpayer or acquired by the taxpayer as purchaser in terms of an agreement contemplated in paragraph *(a)* of the definition of 'instalment credit agreement' in section 1 of the Value-Added Tax Act and which was or is brought into use for the first time by that taxpayer for the purpose of that taxpayer's trade on or after 1 March 2023 and before 1 March 2025, to be used by that taxpayer or the lessee of that taxpayer, in the generation of electricity in the Republic from—

(a) wind power;

(b) photovoltaic solar energy;

(c) concentrated solar energy;

(d) hydropower; or

(e) biomass comprising organic wastes, landfill gas or plant material,

a deduction calculated in terms of subsection (2) shall be allowed in respect of the year of assessment during which the abovementioned assets are brought into use: Provided that where any machinery, plant, implement, utensil or article for which a deduction is allowed under this subsection is mounted on or affixed to any concrete or other foundation or supporting structure and—

(i) the foundation or supporting structure is designed for such machinery, plant, implement, utensil or article and constructed in such manner that it is or should be regarded as being integrated with the machinery, plant, implement, utensil or article; and

(ii) the useful life of the foundation or supporting structure is or will be limited to the useful life of the machinery, plant, implement, utensil or article mounted thereon or affixed thereto,

the foundation or supporting structure shall be deemed to be part of the machinery, plant, implement, utensil or article mounted thereon or affixed thereto.

(2) The deduction contemplated in subsection (1) is equal to an amount of 125 per cent of the cost incurred by the taxpayer for the acquisition of the asset.

(a) deur in subartikel (4) paragrawe *(f)* en *(g)* deur die volgende paragrawe te vervang:

"*(f)* enige bate ten opsigte waarvan 'n vermindering aan die belastingpligtige ingevolge artikel 12E toegestaan is; **[of]**

(g) enige bate waarvan die eienaarskap deur die belastingpligte behou word as verkoper ingevolge 'n ooreenkoms beoog in paragraaf *(a)* van die omskrywing van 'paaiementkredietooreenkoms' in artikel 1 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde **[.]**; of"; en

(b) deur in subartikel (4) na paragraaf *(g)* die volgende paragraaf by te voeg:

"*(h)* enige bate ten opsigte waarvan 'n aftrekking aan die belastingpligtige ingevolge artikel 6C of 12BA toegestaan is.".

(2) Subartikel (1) word geag op 1 Maart 2023 in werking te getree het.

Invoeging van artikel 12BA in Wet 58 van 1962

16.(1) Die volgende artikel word hierby in die Inkomstebelastingwet, 1962, na artikel 12B ingevoeg:

"**Uitgebreide aftrekking ten opsigte van sekere masjinerie, installasie, gereedskap, werktuie en artikels gebruik vir vervaardiging van hernubare energie**

12BA. (1) Ten opsigte van enige nuwe en ongebruikte masjinerie, installasie, gereedskap, werktuig of artikel waarvan die belastingpligtige die eienaar is of wat deur die belastingpligtige verkry is as koper ingevolge 'n ooreenkoms beoog in paragraaf *(a)* van die omskrywing van 'paaiementkredietooreenkoms' in artikel 1 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde en wat op of na 1 Maart 2023 en voor 1 Maart 2025 vir die eerste maal deur daardie belastingpligtige in gebruik geneem is of word vir doeleindes van daardie belastingpligtige se bedryf, wat deur daardie belastingpligtige of die huurder van daardie belastingpligtige gebruik staan te word vir die vervaardiging van elektrisiteit in die Republiek uit—

(a) windkrag;

(b) fotovoltaïese sonenergie;

(c) gekonsentreerde sonenergie;

(d) waterkrag; of

(e) biomassa bestaande uit organiese afval, grondvulgas of plantmateriaal,

word 'n aftrekking bereken ingevolge subartikel (2) toegestaan ten opsigte van die jaar van aanslag waarin die bogenoemde bates aldus in gebruik geneem word: Met dien verstande dat waar enige masjinerie, installasie, gereedskap, werktuig of artikel waarvoor 'n aftrekking kragtens hierdie subartikel toegelaat word, gemonteer is op of vasgeheg is aan enige beton- of ander fondament of ondersteunende struktuur en—

(i) die fondament of ondersteunende struktuur ontwerp is vir sodanige masjinerie, installasie, gereedskap, werktuig of artikel en opgerig is op sodanige wyse dat dit met die masjinerie, installasie, gereedskap, werktuig of artikel geïntegreer is of beskou moet word as sodanig geïntegreer te wees; en

(ii) die bruikbare lewe van die fondament of ondersteunende struktuur beperk is of sal wees tot die bruikbare lewe van die masjinerie, installasie, gereedskap, werktuig of artikel daarop gemonteer of daaraan vasgeheg,

word die fondament of ondersteunende struktuur geag 'n deel van die masjinerie, installasie, gereedskap, werktuig of artikel daarop gemonteer of daaraan vasgeheg te wees.

(2) Die aftrekking beoog in subartikel (1) is gelykstaande aan 'n bedrag van 125 persent van die koste deur die belastingpligtige vir die verkryging van die bate aangegaan.

(3) For the purposes of this section, the cost to a taxpayer of any asset acquired by that taxpayer shall be deemed to be the lesser of the actual cost to the taxpayer or the cost which a person would, if that person had acquired the asset under a cash transaction concluded at arm's length on the date which the transaction for the acquisition of the asset was in fact concluded, have incurred in respect of the direct cost of acquisition of the asset, including the direct cost of the installation or erection thereof.

(4) No deduction shall be allowed under this section in respect of—

(a) any asset the ownership of which is retained by the taxpayer as a seller in terms of an agreement contemplated in paragraph *(a)* of the definition of 'instalment credit agreement' in section 1 of the Value-Added Tax Act; or

(b) any asset brought into use after 28 February 2025.''.

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 1 March 2023 and applies in respect of assets brought into use on or after that date.

Amendment of section 12E of Act 58 of 1962, as inserted by section 12 of Act 19 of 2001 and amended by section 17 of Act 30 of 2002, section 21 of Act 74 of 2002, section 37 of Act 12 of 2003, section 31 of Act 45 of 2003, section 9 of Act 9 of 2005, section 21 of Act 31 of 2005, section 24 of Act 9 of 2006, section 14 of Act 20 of 2006, section 15 of Act 8 of 2007, section 25 of Act 35 of 2007, section 13 of Act 3 of 2008, section 23 of Act 60 of 2008, section 21 of Act 17 of 2009, section 23 of Act 7 of 2010, section 34 of Act 24 of 2011, section 25 of Act 22 of 2012, section 7 of Act 23 of 2013, section 35 of Act 31 of 2013, section 20 of Act 43 of 2014, section 21 of Act 25 of 2015, section 29 of Act 15 of 2016 and section 26 of Act 17 of 2017

17. (1) Section 12E of the Income Tax Act, 1962, is hereby amended by the insertion after subsection (3A) of the following subsection:

''(3B) No deduction shall be allowed under this section in respect of any asset in respect of which an allowance has been granted to the taxpayer under section 12BA.''.

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 1 March 2023 and applies in respect of assets brought into use on or after that date.

Amendment of section 12N of Act 58 of 1962, as inserted by section 29 of Act 7 of 2010 and amended by section 31 of Act 31 of 2013, section 24 of Act 43 of 2014 and section 30 of Act 23 of 2018

18. (1) Section 12N of the Income Tax Act, 1962, is hereby amended in subsection (1) by the substitution for the words following paragraph *(e)* of the following words:

''the taxpayer must for purposes of any deduction contemplated in section 11D, 12B, 12BA, 12C, 12D, 12F, 12I, 12S, 13, 13*ter*, 13*quat*, 13*quin*, 13*sex*, or 36, and for the purposes of the Eighth Schedule, be deemed to be the owner of the improvement so completed.''.

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 1 March 2023 and applies in respect of assets brought into use on or after that date.

Amendment of section 12P of Act 58 of 1962, as inserted by section 33 of Act 22 of 2012 and amended by section 26 of Act 25 of 2015 and section 33 of Act 15 of 2016

19. (1) Section 12P of the Income Tax Act, 1962, is hereby amended by the addition of the following proviso to subsection (4):

'': Provided that where a person referred to in this subsection qualifies for a deduction under section 12BA in respect of an allowance asset, the aggregate amount of the deductions or allowances allowable to that person in respect of that

(3) By die toepassing van hierdie artikel word die koste vir 'n belastingpligtige van 'n bate deur daardie belastingpligtige verkry, geag te wees die minste van die werklike koste vir die belastingpligtige of die koste wat 'n persoon, indien daardie persoon die bate verkry het ingevolge 'n kontanttransaksie waarin die uiterste voorwaardes beding is, aangegaan op die datum waarop die transaksie vir die verkryging van die bate inderdaad aangegaan is, sou aangegaan het ten opsigte van die regstreekse koste van die verkryging van die bate, met inbegrip van die regstreekse koste van die installering of oprigting daarvan.

(4) Geen aftrekking word ingevolge hierdie artikel toegestaan nie ten opsigte van—

(a) enige bate waarvan die eienaarskap deur die belastingpligtige as verkoper behou word ingevolge 'n ooreenkoms beoog in paragraaf *(a)* van die omskrywing van 'paaiementkredietooreenkoms' in artikel 1 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde; of

(b) enige bate na 28 Februarie 2025 in gebruik geneem.''.

(2) Subartikel (1) word geag op 1 Maart 2023 in werking te getree het en is van toepassing ten opsigte van bates op of na daardie datum in gebruik geneem.

Wysiging van artikel 12E van Wet 58 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 12 van Wet 19 van 2001 en gewysig deur artikel 17 van Wet 30 van 2002, artikel 21 van Wet 74 van 2002, artikel 37 van Wet 12 van 2003, artikel 31 van Wet 45 van 2003, artikel 9 van Wet 9 van 2005, artikel 21 van Wet 31 van 2005, artikel 24 van Wet 9 van 2006, artikel 14 van Wet 20 van 2006, artikel 15 van Wet 8 van 2007, artikel 25 van Wet 35 van 2007, artikel 13 van Wet 3 van 2008, artikel 23 van Wet 60 van 2008, artikel 21 van Wet 17 van 2009, artikel 23 van Wet 7 van 2010, artikel 34 van Wet 24 van 2011, artikel 25 van Wet 22 van 2012, artikel 7 van Wet 23 van 2013, artikel 35 van Wet 31 van 2013, artikel 20 van Wet 43 van 2014, artikel 21 van Wet 25 van 2015, artikel 29 van Wet 15 van 2016 en artikel 26 van Wet 17 van 2017

17. (1) Artikel 12E van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur na subartikel (3A) die volgende subartikel in te voeg:

''(3B) Geen aftrekking word ingevolge hierdie artikel toegelaat ten opsigte van enige bate ten opsigte waarvan 'n toelating ingevolge artikel 12BA aan die belastingpligtige toegestaan is nie.''.

(2) Subartikel (1) word geag op 1 Maart 2023 in werking te getree het en is van toepassing ten opsigte van bates op of na daardie datum in gebruik geneem.

Wysiging van artikel 12N van Wet 58 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 29 van Wet 7 van 2010 en gewysig deur artikel 31 van Wet 31 van 2013, artikel 24 van Wet 43 van 2014 en artikel 30 van Wet 23 van 2018

18. (1) Artikel 12N van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woorde wat op paragraaf *(e)* volg deur die volgende woorde te vervang:

''moet die belastingpligtige, by die toepassing van enige aftrekking beoog in artikel 11D, 12B, 12BA, 12C, 12D, 12F, 12I, 12S, 13, 13*ter*, 13*quat*, 13*quin*, 13*sex* of 36, en by die toepassing van die Agtste Bylae, geag word die eienaar van die verbetering aldus voltooi te wees.''.

(2) Subartikel (1) word geag op 1 Maart 2023 in werking te getree het en is van toepassing ten opsigte van bates op of na daardie datum in gebruik geneem.

Wysiging van artikel 12P van Wet 58 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 33 van Wet 22 van 2012 en gewysig deur artikel 26 van Wet 25 van 2015 en artikel 33 van Wet 15 van 2016

19. (1) Artikel 12P van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur die volgende voorbehoudsbepaling by subartikel (4) te voeg:

'': Met dien verstande dat waar 'n persoon bedoel in hierdie subartikel vir 'n aftrekking kragtens artikel 12BA ten opsigte van 'n afskryfbare bate kwalifiseer, die totale bedrag van die aftrekkings of toelaes toelaatbaar aan daardie persoon ten opsigte van daardie afskryfbare bate nie 'n bedrag gelykstaande aan 125 persent

allowance asset may not exceed an amount equal to 125 per cent of the aggregate amount otherwise determined in terms of this subsection.''.

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 1 March 2023 and applies in respect of assets brought into use on or after that date.

Amendment of section 12T of Act 58 of 1962, as inserted by section 28 of Act 43 of 2014 and amended by section 29 of Act 25 of 2015 and section 7 of Act 22 of 2020

20. (1) Section 12T of the Income Tax Act, 1962, is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (4) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

''*(a)* limited to an amount of R36 000 in aggregate **[during]** for any year or years of assessment during the period of 12 months commencing in March and ending at the end of February of the immediately following calendar year;''; and

(b) by the substitution for paragraph *(a)* of subsection (7) of the following paragraph:

''*(a)* If during any year or years of assessment contemplated in subsection (4)*(a)* any person contributes in excess of the amount of R36 000 in respect of tax free investments, an amount equal to 40 per cent of that excess is deemed to be an amount of normal tax payable by the person contemplated in subsection (1)*(b)* in respect of that year of assessment or the last year of assessment when there is more than one year of assessment during the period of 12 months.''.

(2) Subsection (1) comes into operation on 1 March 2024 and applies in respect of years of assessment commencing on or after that date.

Amendment of section 13*quat* of Act 58 of 1962, as inserted by section 33 of Act 45 of 2003 and amended by section 12 of Act 16 of 2004, section 19 of Act 32 of 2004, section 23 of Act 31 of 2005, section 16 of Act 8 of 2007, section 5 of Act 4 of 2008, section 29 of Act 60 of 2008, sections 29 and 106 of Act 17 of 2009, section 33 of Act 7 of 2010, section 41 of Act 24 of 2011, section 34 of Act 22 of 2012, section 48 of Act 31 of 2013, section 32 of Act 25 of 2015, section 38 of Act 15 of 2016, section 34 of Act 23 of 2018, section 20 of Act 23 of 2020 and section 16 of Act 20 of 2021

21. (1) Section 13*quat* of the Income Tax Act, 1962, is hereby amended by the substitution in subsection (5) for paragraph *(c)* of the following paragraph:

''*(c)* which is brought into use by the taxpayer after 31 March **[2023]** 2025.''.

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 1 April 2021 and applies in respect of any building, part thereof or improvement that is brought into use on or after that date.

Amendment of section 15 of Act 58 of 1962, as amended by section 20 of Act 55 of 1966, section 18 of Act 129 of 1991, section 16 of Act 141 of 1992, section 24 of Act 31 of 2005, section 15 of Act 20 of 2006, section 29 of Act 35 of 2007 and section 33 of Act 25 of 2015

22. (1) Section 15 of the Income Tax Act, 1962, is hereby amended by the substitution for paragraph *(a)* of the following paragraph:

''*(a)* an amount to be ascertained under the provisions of section 36, in lieu of the allowances in sections 11 *(e)*, *(f)*, *(g*A*)*, *(g*C*)*, *(o)*, 12B, 12BA, 12D, 12DA, 12F and 13*quin*;''.

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 1 March 2023 and applies in respect of assets brought into use on or after that date.

van die totale bedrag andersins ingevolge hierdie subartikel bepaal, mag oorskry | nie.''.

(2) Subartikel (1) word geag op 1 Maart 2023 in werking te getree het en is van toepassing ten opsigte van bates op of na daardie datum in gebruik geneem.

Wysiging van artikel 12T van Wet 58 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 28 van Wet 43 van 2014 en gewysig deur artikel 29 van Wet 25 van 2015 en artikel 7 van Wet 22 van 2020

20. (1) Artikel 12T van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (4) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(a)* beperk tot 'n bedrag van R36 000 in totaal **[gedurende]** vir enige jaar of jare van aanslag gedurende die tydperk van 12 maande wat in Maart begin en aan die einde van Februarie van die onmiddellik daaropvolgende kalenderjaar eindig;''; en

(b) deur in subartikel (7) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

